

ROSJ HASJANA 2 – DIE ROEP VAN DIE RAMSHORING

Die ander Rosj Hasjana-simbool is die blaas van die ramshoring. Aan die einde van die Nuwejaarsdiens word die ramshoring geblaas. Dit roep die Joodse volk op tot *teshuva* – terugkeer - na God.

Die les oor die blaas van die ramshoring kan met die heuning en appel gekombineer word, maar is waarskynlik genoeg vir 'n selfstandige les.

Doel: Om deur middel van die Rosj Hasjana – fees, en spesifiek die blaas van die ramshoring, (1) die kinders te leer dat bekering beteken om terug te keer na God toe en (2) dat dit nie 'n eenmalige gebeurtenis is nie, maar iets wat oor en oor moet gebeur.

Hulpmiddel en aktiwiteit: 'n Ramshoring, wat aan die einde van die les geblaas word. Die blaas van die horing is 'n inherente deel van die demonstrasie – die kinders moet die vreemde, amper melankoliese geluid hoor. Om net 'n ramshoring rond te wys, sal minder goed werk. 'n Mens sal dus vooraf moet oefen om dit te blaas – of iemand kry om dit vir jou te blaas. Die goeie nuus is dat dit nie nodig is om iemand met 'n yslike borskas te soek om die lug deur die ramshoring te pers nie. Om een of ander rede kry party kinders dit reg om 'n harde geluid uit die horing te kry. Identifiseer vooraf iemand wat dit kan doen, maar gee in die les kans vir elkeen wat wil probeer. Maer kinders met dun lippe blaas verbasend goed!

Inhoud van die les: Verduidelik dat die ramshoring aan die einde van die Nuwejaarsdiens geblaas word om mense terug te roep tot *teshuva* – terugkeer tot God. Vir die volgende tien dae moet elke Joodse persoon hom of haar ondersoek. As hy of sy in onvrede met iemand leef, moet daar vrede gemaak word voor die groot Versoendag (Joom Kippoer), wat tien dae na Nuwejaar volg. Die Versoendag was dié dag waarop die volk Israel vir God om vergifnis gevra het. Volgens die tradisie moes 'n mens met al die mense met wie jy in onvrede geleef het, vrede maak voordat jy op die Versoendag na die sinagoge gaan. Daar gaan jy net vir God om vergifnis en versoening vra. Jou versoening met medemense moet jy egter (volgens die Joodse tradisie) voor die tyd afhandel.

Toepassing: Luister na die ramshoring wat (soos op Rosj Hasjana) vier maal geblaas word. Hoor die Here roep: Kom terug na My toe! Terugkeer is bekering en bekering is nie net iets wat op een dag gebeur, wanneer ek my hart aan die Here gee nie. Dit begin wel op daardie dag, maar dan hou dit aan. Ek moet aanhou tot bekering kom. Ek moet my elke dag weer tot die Here bekeer. Ek moet aanhou luister na die Here se roep en myself afvra: In watter opsig moet ek (soos die verlore seun) opstaan en na my Hemelse Vader terugkeer?

Vir die leier/leidster: 'n Mens kan nog 'n verdere toepassing maak (as daar tyd is/vir groter kinders): Jesus sê in die Bergrede: “As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe” (Matt 5:23). Jesus dink hier aan die Joodse gebruik by die Groot Versoendag: voordat jy na die Here toe kom met jou offergawe – om Hom deur middel van 'n offer om vergifnis te vra – moet jy eers met jou broer gaan vrede maak. Jesus neem hierdie praktyk, wat eintlik net gegeld het in die tien dae van selfondersoek tussen die Joodse Nuwejaar en die Groot Versoendag, en bring twee wysiginge aan: (1) Van nou af moet dit nie net een maal per jaar geld nie, maar moet dit julle daaglikse lewenswyse wees. (2) Dit moet geskied, nie net as jy iets teen jou broer het nie, maar ook wanneer jy niks teen hom het nie, maar weet dat hy iets teen jou het. Sluit af deur Matt 5:21-26 te lees.

Sing: 'n Gepaste lied.

Afsluiting: Gebed deur een van die groter kinders (wat vooraf gevra is).